

Verklaring rakende die Covid-19 virus pandemie

Moedergemeente Mosselbaai bely dat ons soos Jesus familie en vriend vir almal is. In die lig van hierdie roeping maak ons die volgende verklaring rakende die Covid-19 pandemie. Ons besef die Corona virus is n krisis en bedreiging maar tegelykertyd ook n geleentheid. Ons wil verantwoordelik wees en daarom nie mense blootstel aan die moontlikheid van infeksie nie.

- Vir die onmiddellike staak Moedergemeente Mosselbaai alle byeenkomste op die kerkterrein. Ons vra alle ander groter byeenkomste soos troues en begrafnisse om verantwoordelik na te dink oor die implikasies en voortgang van die privaat byeenkomste. Moedergemeente gaan deur die Internet en sosiale media nog steeds voortgaan om lidmate te bedien met sinvolle eredienste. Detail sal per sms aan die gemeente deurgegee word.
- Ons het verder besluit om gemeentedele toe te rus om van kerkgelof na huisgelof te skuif in hierdie tyd. Ons gaan aan lidmate “tools” gee om by die huis sinvol huisgodsdienste te doen.
- Dersens gaan ons poog om gereeld met ons lidmate geestelik te kommunikeer deur die internet en sosiale media. Die gemeente se webtuiste www.ngmosselbaai.co.za gaan in hierdie tyd die kern vorm van alle kommunikasie. Besoek dit asb gereeld.
- In die lig van ons roeping om familie en vriend vir almal te wees word lidmate gemaan om nie negatief teenoor mense van ander etniese groepe op te tree of te praat nie. Ons is almal deur ons Vader gemaak.
- Ons versoek ons geliefde gemeente om met liefde en deernis op te tree teenoor mense wat deur die siekte geraak word. Hetsy deur fisiese siekte, eensaamheid of hoe ookal. Ons leraars is in hierdie tyd ook beskikbaar en tot die diens van die gemeente.
- Ons verklaar dat ons hierdie hele situasie in ons liefdevolle Vader se hande plaas en vra die gebedsbediening om ons leiding te gee oor gebed in tye soos hierdie. Ons roep ons hele gemeente op tot gebed vir hierdie saak.

Die Kerkraad vra lidmate om kalm te bly in hierdie tyd. Ons plaas ons hoop en vertroue op God wat die toekoms in sy hande hou. Ons bid en vertrou dat hierdie pandemie ook aan God die eer sal toebrenge. Ons as gemeente stel ons totale vertroue in God.

Filippense 4:6–7 (AFR1983)

⁶Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

⁷En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Die Kerkraad: NG Moedergemeente Mosselbaai